GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

Augustus 2019 - Jaargang 16 Uitgawe 7

Gebed, geloof en vernuwing - Jaco Thom

Timothy Keller skryf in sy boek "Prayer" iets wat my diep getref het. Hy sê ons gebede word gevorm deur die beeld wat ons van God het. Eers as 'n mens God ken, kan jy regtig sinvol bid. En dan sê hy dit wat ons van God weet, word gevorm deur die Bybel, want die Bybel is die middel waardeur God Homself aan ons bekend maak.

As ons ons nie verdiep in God se Woord nie, bly ons gebede vlak en beperk, en ook uit voeling met die werklikheid, skryf hy. Want - en dit was vir my ontstellend - dit kan dan gebeur dat jy nie met die ware God besig is in jou gebede nie, maar met hoe jy wens God en die lewe was. As jy in jou denke oor God nie in die Bybel ingebed is en daardeur gevorm word nie, is jou hart geneig om 'n God te skep wat jou pas, maar wat nie bestaan nie. Keller gaan voort met die opmerking dat mense van Westerse kulture 'n God wil hê wat liefdevol en vergewend is, maar nie heilig, verhewe en bonatuurlik nie. Navorsing oor die geestelike lewens van jong volwassenes in Westerse lande het bevind dat hulle gebede daarom dikwels sonder 'n sondebesef en berou is, en dat die vreugde van 'n wete dat hulle vergewe is ook ontbreek. Sonder gebed wat met die God van die Bybel besig is, praat ons net met onsself.

Tot sover Timothy Keller. Dit het my laat nadink oor die vraag hoe ons geloof gevorm word. Keller is baie beslis daaroor: deur die Bybel. Sonder die Bybel is ons geloof sonder inhoud en is dit wensdenkery, sê hy. Die digter van Psalm 1 is dit met hom roerend eens: Dit gaan goed met die mens wat in die Woord van die Here sy vreugde vind en dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is en waarvan die blare nie verwelk nie… Dis ook wat die Heidelbergse kategismus ons oor geloof leer: dit bestaan uit kennis en vertroue wat veranker is in die Bybel. Vraag 21 sê:

'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het.

Geloof is deurdrenk met die Woord van God. Gaan tel gerus die Bybel van 'n geestelike volwasse gelowige op. Jy sal merk dat dit 'n geleesde Bybel is. Dikwels is die blaaie verrimpel en aan die loskom van baie gebruik, en die buiteblad verslete. Dan weet jy waaruit die persoon se geloofsdiepte gevoed word. G'n wonder nie dat die Gereformeerde vaders die slagspreuk gehad het van *Sola Scriptura,* die Bybel alleen, want dit is die bron waaruit ons leef.

Die bekende prediker Charles Spurgeon het gesê jy kan maar oplet na iemand wie se Bybel uitmekaar val. So 'n persoon se lewe val nie uitmekaar nie.

Ja, ons geloof word ook gevoed deur ons kontak met ander gelowiges, deur ons goeie werke en uitreik na ander. Daarsonder, skryf Jakobus, is ons geloof dood (Jakobus 2:14 e.v.). Maar dit begin nie daar nie, en kan nie net daaruit groei nie. Dit begin in ons binnekamer, waar ons die Woord eet soos 'n Esegiël van ouds (Esegiël 3) sodat dit deel van ons kan word; waar ons die Woord in ons hart bêre, soos Psalm 119:11 (1953-vertaling) sê. O, dat ons almal mense van die Woord sal wees!

Gebedsgeleenthede tydens eredienste in Julie



Gedurende Julie het ons die volgende lande en sake aan die Here opgedra in die Gebedsvoorlesings tydens eredienste:

- Finland
- Wes Sahara
- Taiwan
- Onderwys

Finland is een van die Skandinawiese lande in Noord Europa aangrensend aan Rusland, Swede en Noorweë. Daar woon 5,5 miljoen mense in die land wat ongeveer een derde die grootte van Suid-Afrika is. Die land word beskryf as een van die lande met die gelukkigste bevolkings ter wêreld, soos trouens al die Skandinawiese lande. Sowat 71% van die bevolking is Christene, waarvan die meerderheid lidmate is van die Lutherse Kerk van Finland. Kommerwekkend is dat 27,4% van die bevolking ateïsties is of geen kerkverband het nie en dat hierdie tendens aan die toeneem is, soos in die res van Europa. Verder het die regering in 2017 'n wet gepromulgeer wat die "godsdienstige indoktronasie" van kinders verbied. Hierdie wet voorspel niks goed vir die toekoms van die Christendom in Finland nie.

Wes Sahara in die noordweste van die Saharawoestyn is aangrensend aan die Atlantiese Oseaan, Marokko en Mauritanië. Die land het 'n bevolking van sowat 587,000 en is sowat een vyfde die grootte van Suid-Afrika. Dit is 'n geweldig arm land; een van die armstes ter wêreld en word geheel en al deur die Saharawoestyn beslaan. Dit word beskryf as een van die onherbergsaamste lande ter wêreld. Byna al die inwoners van Wes Sahara (99,9%) is Moslems. Dit is die land met die meeste Moslems relatief tot die bevolking ter wêreld. Daar woon 'n baie klein getal Christene; hulle is Rooms-Katolieke van Spaanse afkoms. Daar heers sedert 1976 'n dispuut oor grondgebied met Morokko, maar gelukkig het die VN in 1991 'n skietstilstand tussen die partye beding. Die Polisario Front het in 1976 die Sahara Onafhanklike Demokratiese Republiek uitgeroep, wat deur baie lande as die amptelike regering aanvaar word.

Taiwan is op 'n groot en 'n aantal kleiner eilande aan die suidweskus van China, met 'n bevolking van 23 miljoen en is sowat 2 keer die grootte van Gauteng. Taiwan staan ook bekend as die Republiek van Taiwan, in Engels "Republic of China" (ROC). 35,1% van die bevolking is Buddiste en 33% Taoiste, wat maar ook 'n vorm van Buddisme is. Slegs 3,9%van die bevolking is Christene. Verblydend is dat verskeie van die prominente figure in die regering Christene is. Taiwan word al sedert ten minste 3,000 jaar voor Christus bewoon en was ook voorheen bekend as Formosa. Taiwan is in die 1600's deur onderskeidelik Portugal, Spanje en Holland beset en van 1898 tot 1945 deur Japan regeer. Daar is steeds gespanne betrekkinge tussen Kommunistiese China en Taiwan, wat 'n demokratiese staatsbestel handhaaf. Weens die kommunistiese invloed in die land is byna 20% van die bevolking ateïsties of ongelowig

Die Onderwys berus in 'n groot mate op die interaksie tussen mense en is een van die belangrikste sosiale vraagstukke in ons land. Die negatiewe gebeure in die onderwys, soos aanrandings en moord op onderwysers en leerders, bendes, dwelmmisbruik, gebrekkige infrastruktuur, gebrek aan dissipline, en dies meer haal gereeld die nuus. Daar is egter goeie nuus ook wat nooit die koerante haal nie: daar is steeds baie toegewyde onderwysers wat Christelike beginsels in hulle klaskamers handhaaf.

- Bid vir die Christene in Finland wat steeds hule Christenskap uitleef en dat die toename in ateïsme in Finland en die res van Europa gestuit sal word.
- Bid dat die armoede en swaarkry van die inwoners van Wes Sahara verlig sal word en dat die Christendom 'n vastrapplek in die oorwegend Moslemland sal kry.
- Bid vir die einde van die kommunistiese invloed uit kontinentale China in Taiwan en dat die Christenleiers in die regering se invloed sal meehelp om die Evangelie in die Buddistiese land uit te brei.
- Bid vir die Onderwysstelsel in ons land en dank die Here vir die talle Christenonderwysers wat nog steeds hulle waardes onder moeilike omstandighede in hulle klaskamers uitleef.

Lentefees

Die Spens

Die seniors beman weer hierdie jaar die spens. Die enigste probleem is dat al die rakke in die spens nog leeg is. Ons vra asb enige iets wat in 'n spens gebêre kan word. Die enigste vereiste is dat dit toegedraai of in 'n houer moet wees. Ons verkoop die houers, want die inhoud is gratis. Vir enige skenkings (kontant ook welkom) sê ons baie dankie. Kontak asb vir **Susan Nell (012 803 4596 / 083 562 1960)**

Ons benodig leë klein botteltjies (500gr) wat ons wil volmaak met iets lekkers om te verkoop by die Lentefees. Bring dit asb na die kerkkantoor. **Suna 012 803 1680**

Pannekoek

Dit is al amper weer tyd vir die Lentefees en geen fees is 'n fees sonder pannekoek nie. Ons doen 'n beroep op skenkings van *meel, eiers, suiker, olie en asyn.* Ons sê dankie vir almal wat in die verlede so mildelik bestanddele geskenk het en vra almal om nie die jaar skaam te wees nie!! Baie dankie.
Luzett Visser (082 454 0577) / Ria Barnardo (082 928 8659)

Handwerk

Ons is alweer besig om reëlings vir die Lentefees te tref. Daarom het ons die vrymoe-digheid om te vra vir bydraes soos enige artikels van hout-, wol- of lapwerk wat ons met die fees kan verkoop. Dit sal wonderlik wees as ons tuisgemaakte of handgemaakte artikels kan verkoop.
Christa le Roux (083 556 1575) / e-pos: davechrista@hotmail.com

Plante

Ons benodig plante wat ons by die Lentefees wil verkoop. As jy plante het wat jy wil uithaal, bring dit asb vir ons. Baie dankie. **Christa le Roux (083 556 1575)**

Koektafel

Alle kokkedore word weereens opgeroep - help asb!! Beskuit, brode, kleinkoekies, terte (soet en sout), kolwyntjies (cup cakes) en veral groot koeke is nodig om 'n groot sukses daarvan te maak. Daar word ook beplan vir koesisters, maar ons benodig *meel, margarine en bakpoeier.*
Skakel asb met idees. Baie dankie. **Ina Mullins (083 344 6955) / Beryl du Plessis (012 813 8122)**

Witolifanttafel

Dit klink onwerklik maar dis 'n feit – 'n jaar is alweer verby en dis weer tyd om Lentefees te hou. As iemand wil afskaal, oppak, vervang of wat ookal, raak liewer van die artikels ontslae deur dit vir die Witolifanttafel te skenk. Die Lentefees is **7 September**. Bring enige artikels wat nie meer vir jou waarde het nie en basies net in die pad is, solank kerk toe. Bergplek sal geskep word. Iemand wat so iets soek sal dit sekerlik kom koop. Indien jy 'n probleem sou hê om dit te bring, skakel die kerkkantoor **(012 803 1531)** of vir **Dirk (083 311 9960).**

Lentedag sonder jaffels??

Verlede jaar was groot sukses met u bydrae. Ons strewe daarna om te verbeter, daarom het ons u bydrae vir maalvelis (Lean) gemengde groente, brood en margarine nodig.
As u enigsins kan bydra kontak asb vir **Minnie Haasbroek 082 583 4115** of handig bydrae, (behalwe brood) by kerkkantoor in. **Sluitingsdatum** Maandag 2 September.

Poeding

Dit is die Vrouebediening se tradisie om elke jaar die poedingtafel by die basaar te behartig. Die tafel kreun jaarliks onder al die heerlike poedings wat ons susters en getroue vriendinne in die gemeente voorberei.

Hierdie jaar is natuurlik geen uitsondering nie, die beplanning het reeds maande terug al begin om te verseker dat ons die jaar, soos ouder gewoonte, weer 'n kreunende tafel kan voorsien.

Daar is altyd plek vir 'n helpende hand, kom raak gerus deel van ons beplanning en voorbereiding as jy nog 'n plekkie soek waar jy wil inskakel, Bestanddele vir lekker poedings is natuurlik ook altyd welkom. Daar is geen begroting vir die poedingtafel nie dus kom die bestanddele uit die bakkers se sak. Ons is so dankbaar vir elke blikkie kondesmelk, suiker of meel wat by die kerkkantoor afgelewer word.

Om betrokke te raak kontak vir **Rothea Lourens 082 5742563** of **Rensche Smit 074 588 9588**

Lentefees-ete

Ons nooi almal uit om weer kaartjies te koop en die Lentefees-ete te geniet in die groot tent.
Kom kuier lekker saam en nooi ook vriende en familie. Die bediening begin **12:00.** Bediening van **bejaardes** begin om **11:30.** Die keuse is vanjaar weer tussen geroosterde varknek, boerewors met bykosse of 'n hoendersosatie, boerewors en bykosse. Kaartjies is beskikbaar vanaf **Sondag 4 Augustus** voor die kerk, by die kerkkantoor of by **Gerhard van den Berg (083 237 1788)**. Persone wat kan help met die braai van die wors en sosaties sowel as die sny van vleis en voorbereiding en opskep van die etes, kontak asb **Gerhard, Peet Cronje (083 453 8759)** of **Heléne Viljoen (072 434 8776)**.

Uitstappie na Laerskool Meyerspark - Program Mandeladag - Elsie du Toit

Die Laerskool Meyerspark het die Senior Bediening vir 'n besoek aan die skool op 17 Julie genooi. Die kinders en personeel het baie moeite gedoen om die oggend vir die seniors iets besonders te maak. Nie alleen is ons getrakteer met heerlike eetgoed nie, maar daar was ook geskenkies wat elke persoon kon huistoe neem. Die sjokolade was toegedraai in 'n geskenkpapier waarop "MANDELA DAY 2019, Laerskool Meyerspark Primary" gedruk was. Agterop was ook 'n pragtige gedig:

Grandparents

When God created grandparents
The world was truly blessed
With all the special joys
That make a family happiest
For grandparents know how to do the
Little things that warm our heart ...
They touch our lives with love and care
Right from the very start
They show that they believe in us
And all we're dreaming of ...
When God created grandparents,
He blessed our lives with love

Die volgende program is deur die kinders aangebied: Ons is verwelkom deur Cornelia, een van die leerkragte, waarna 'n leerling, 6 jarige Masego Matloga, geopen het met skriflesing en gebed. Hierna het die koor vir ons gesing, waarna die graad 1, graad 2 en graad 3's dele uit hul revue, wat onder andere, die Lion King insluit, voorgedra het. Die dansgroep was ook besonders.

Die program het verskeie seniors laat terug dink aan "verfloë dae" toe hulleself verskeie konserte van kinders en kleinkinders moes bywoon.

Dit was opmerklik hoe gemaklik elke kind sy rol en taak vervul het. 'n Kind bly maar 'n kind en het hulle soms gewys dat kinders weinig verander het as dit by konsert hou kom. DIE KINDERS EN PERSONEEL WAS ALMAL STERRE.

Ons, van die Senior Bediening, sê nogmaals dankie aan Meyerspark Laerskool vir 'n genotvolle oggend.

Sondig - Ds Niekie Rothmann

In die "Daily Prayer" program van die Church of England, het dit 'n paar dae aan Psalm 51 bestee. Psalm 51 is 'n skuld–belydenis... Dawid wat voor God staan en sy sonde bely. By die nadink oor dié gebruik tref dit my hoe 'n groot deel van die Bybelse boodskap gaan oor sonde en skuld. Die hele Ou Testamentiese erediens het om die offers en die priesterdiens gegaan. En Jesus se sterwe op Golgota was mos presies hieroor: oor ons skuld, die offer van Jesus en oor die verlossing uit die sonde.

Martin Luther se groot vraag wat hom uiteindelik tot die stig van 'n nuwe kerk gebring het, was: "Hoe vind ek 'n genadige God?" Sy skuld en soeke na verlossing uit sy skuld het hom gedryf. Die vraag oor wat sonde is en hoe ons daarvan verlos kan word, is ook twee van die groot bene waarop die ganse Gereformeerde leer gebou is. (Die derde been is: dankbaarheid). Skuldbelydenis vorm daarom ook 'n integrale deel van die liturgie van 'n tradisionele Gereformeerde erediens.

Vandag het mense al minder erg aan die sonde-vraag. By baie kerke word skuldbelydenis glad nie meer in die erediens ingepas nie... Net die sogenaamde "whorshipping". En, so sê die verligte teoloë van ons tyd, sonde is nie eintlik so 'n kwessie nie. Dis maar net die kerk wat daarop hamer om 'n houvas op sy lidmate te kan hê. Eintlik gaan dit nie in die Bybel oor sonde en vergifinis en verlossing nie, maar om liefde... Liefde tot God en veral oor liefde tot die naaste. Daarom... as iets uit sogenaamde liefde gedoen word, is dit reg... ongeag oor wat die Bybel sê.

Dis natuurlik nie 'n nuwe gedagte nie. Eeue land reeds is daar stemme wat ons probeer wysmaak dat sonde nie eintlik so erg nie. Die Franse filosoof Voltaire het al gesê: "God sal vergewe, dis sy werk". Wat intussen verander het, is dat daar eintlik nie meer sprake van vergifnis is nie. Ons maak almal foute, ja, en dis in ons aard, maar van sonde en, nog erger, erfsonde, wil hulle niks weet nie. Jesus het ook nie gekom om vir ons sonde te kom betaal nie. Hy het ons net kom leer hoe ons God en ons naaste moet liefhê.

Daarom word die kerk veroordeel as hy enigsins sou optree teen of tug sou toepas op die sogenaamde sondes.

Het die mense van ouds wat so bewus was van hulle sonde, dit dan mis gehad? Het Jesus verniet gesterf" **Nee**, 'n duisend maal **nee!** Saam met Paulus (Rom 3:23 -24) bely ek met my hele hart: "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek van-weë die verlossing deur Jesus Christus."

KINGDOM GLOBAL vat hande met KINGDOM NATION - Gerrit van Niekerk

Kingdom Global (vroeër **Mission Russia International**), is 'n kerkplantings-bediening wat in 1994 deur Meyerspark gemeenteseun Hugo van Niekerk en sy vrou Rika begin is. Hugo en Rika het vanaf 1995 tot 2011 in Rusland en vanaf 2011 tot 2015 in Singapoer gebly en gewerk. Vanaf 2015 is hulle basis in Suid-Afrika om te fokus op kerkplanting en Koninkryks-uitbreiding in Afrika.

Kingdom Nation is 'n organisasie met die visie om Suid-Afrika in Christus te verenig.

Die twee organisasies het besluit om saam te werk met die doel om 'n Gemeenskaps Transformasie en 'n Gemeenskaps Sorgsentrum strategie uit te werk.

- Die huidige fokus is op die uitrol van loodsprojekte in Tshwane. Dit sluit al honderd-en-sewe kieswyke in. Die vier belangegroepe wat betrek gaan word is:
  (1) Kerke en skole,
  (2) Plaaslike regerings instansies insluitende die ses-en-dertig polisiestasies in Tshwane,
  (3) Die plaaslike sake-gemeenskap en
  (4) Die georganiseerde gemeenskap.

  Die operasiekamer wat die bedrywighede in die hele Tshwane beheer, sal by die WNNR wees.

- Die uiteindelike doel is om Gemeenskaps Sorgsentrums in al 4300 kieswyke in Suid-Afrika te ontplooi. Al 1151 polisiestasies sal betrek word.

- Die Gemeenskaps Sorgsentrums sluit perfek aan by Kingdom Global se se strategie om 22 000 Koninkryks Gemeenskappe in die nasie te vestig.

Die onmiddelike beplanning is om te besluit oor spesifieke stappe met 'n tydsraamwerk.

Dankie dat julle bid dat hierdie saak deur die Heilige Gees gelei word. Die bou van die ark (Noag), die uittog uit Egipte (Moses) en die intrek in die Beloofde land (Joshua) het spesifieke gehoorsaamheid aan die spesifieke rigleiding van God gevra.

Gemeente finansies onder druk

- Pieter le Roux

Na vier maande van die 2019/20 finansiële jaar agter die rug is daar rede tot kommer.

Inkomste vir die tydperk Maart tot Junie is 12,4% of R138 796 minder as begroting. Vergeleke met die vorige jaar is die afwyking ewe-eens negatief met 13,12% of R147 900.

Daar was nie begroot vir ‘n styging in inkomste vergeleke met die vorige jaar nie.

Maandelikse dankoffers, wat 86% van die inkomstebasis verteenwoordig, toon ‘n daling van 13,21% of R127 000, terwyl kollekte met 8,9% gedaal het.

Uitagwes is vir die vier maande onder oorsig in toom gehou op 7,7% onder begroting, met die grootste slagoffer die werk van die gemeente se bedienige. Daar is eenvoudig nie vet in die geldkas nadat personeel, onderhoud van geboue en administratiewe uitgawes betaal is nie. Hierdie uitgawes verteenwoordig tans 95% van die totaal.

Vergeleke met die vorige jaar toon uitgawes ‘n styging van 9%.

Dit laat ’n tekort vir die vier maande van R100 752 wat bykans twee maal die begrote tekort van R52 831 is. Vir die ooreenstemmende tydperk verlede jaar was daar ‘n oorskot van R137 546 op die normale uitgawes.

Dit is dus duidelik dat die wesenlike daling in die inkomste van 12% geweldige druk plaas op die vermoë van die gemeente om sy vaste maandelikse verpligtinge na te kom.

Teen hierdie tempo gaan die verwagte opbrengs van die Lentefees net in staat wees om die gate wat reeds daar is toe te maak wat beteken dat die res van die jaar groot uitdagings op oorlewing gaan bring.

Bybelleesprogram - Augustus 2019 **Lewe van oorgawe**

Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.

Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
				1 Jos 24:15	2 Job 28:28	3 Ps 9:2 en 3
4 Spr 3:5	5 Jes 40:31	6 Jes 46:4	7 Jes 55:6	8 Klaagl 3:24	9 Hab 3:19	10 Matt 10:32
11 Joh 1:12	12 Joh 6:37	13 Joh 7:38	14 Joh 8:51	15 Hand 2:21	16 Hand 16:30 en 31	17 Rom 8:14
18 Rom 10:12 (b) en 13	19 Rom 15:13	20 1 Kor 10:31	21 2 Kor 5:17	22 2 Tim 2:19 (b)	23 Heb 13:15	24 1 Pet 2:9
25 1 Joh 1:7	26 1 Joh 3:1	27 1 Joh 4:15	28 Open 21:6	29 Matt 4:17	30 Mark 1:15	31 Rom 10:9

MEYERSPARK
EIENDOMSDESKUNDIGE
18 JAAR ONDERVINDING VAN
EIENDOMS VERKOPE IN AREA
KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
SKAKEL MY GERUS.
STIENIE NAUDE
FAR EIENDOMME
082 335 0720

Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies /versekering.
Kontak Ernst 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

Lief en Leed

Attie van Jaarsveldt is die afgelope tyd oorlede asook Lettie Nieuwoudt se seun Herman en Dalena Beukes se broer. Ons gebede en meegevoel gaan uit na hulle naasbestaandes.